KWARTAAL 3

# NUUSBRIEF

# HOËRSKOOL MONTAGU

KWALITEIT ONDERRIG EN LEER

V I P

VRIENDELIKHEID
INTEGRITEIT
POSITIWITEIT

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Geagte Ouers / Voogde, Leerders en Ondersteuners**

Ons het aan die einde gekom van nog 'n uiters bedrywige kwartaal. Baie dankie aan elke leerder, ouer, voog en personeellid wat gehelp het om van hierdie kwartaal só 'n groot sukses te maak. Daar was weereens verskeie hoogtepunte in 'n vol en besige program.

Interskole 2025 se groot wen het die kroon gespan op 'n baie suksesvolle wintersportseisoen. Baie geluk aan al die spanne met die wyse waarop julle ons skool se naam hoog gehou het.

**Kommunikasie**

Die kommunikasie met ouers deur middel van die WhatsApp-groepe/ die sms-netwerk en e-posse werk baie goed en ons wil net ons ouers/ voogde daaraan herinner om voortdurend hul kontakbesonderhede op datum te hou, sodat boodskappe die regte persone kan bereik.

**Afsprake**

Die maak van afsprake vir leerders (dokters, tandartse, rybewyse, ens.) gedurende skooltyd, word ontmoedig. Dit is steurend, indien leerders uit klasse geroep moet word en die kinders mis akademiese werk. Afsprake moet sover moontlik namiddae en gedurende vakansies gemaak word. 'n Ouer/ voog moet asseblief nie eenvoudig by die skool opdaag en verwag u kind moet dadelik uit 'n klas geroep word nie. Reël asb. vroegtydig en verseker só dat klastyd maksimaal benut word.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Laatkommers**

Leerders wat laat by die skool opdaag, raak 'n groot probleem. U as ouer/ voog is verantwoordelik om toe te sien dat u kind betyds vir skool is. Indien die probleem nie aangespreek word nie, gaan ons gedwing word om ouers te kontak vir ‘n afspraak om dié saak ernstig te bespreek. Skakel asb. die skool indien u kind, vir watter rede ook al, laat by die skool gaan opdaag. Dit is ook die leerders se verantwoordelikheid om by die kantoor te gaan aanmeld, indien hul wel laat is. Sodoende kan hul aanwesigheid op die rekord aangebring word, anders gaan die leerder as afwesig gemerk word.

**Skoolure**

Ek doen graag 'n beroep op ons ouers/ voogde om, in die lig van goeie verhoudinge, die regte kommunikasiekanale te handhaaf tydens skoolure. Dankie aan daardie ouers wat die vrymoedigheid neem om dadelik direk met ‘n betrokke onderwyser of afrigter te skakel oor iets wat pla. Ek wil ook voorstel dat wanneer u in sulke gevalle nie die nodige reaksie kry nie, u asseblief die vrymoedigheid sal neem om dan onmiddellik met die betrokke graadhoof of organiseerder te skakel. Wanneer dit gebeur dat u stééds nie die gewenste reaksie of oplossing kry nie, u in so ‘n geval met een van ons Skoolbestuurspanlede tydens skoolure kan skakel. Ons doen ‘n beroep op u om slegs in noodgevalle onderwysers na-ure te kontak. Respekteer asb. ons onderwysers se gesins- en rustyd buite skoolure.

# ____UIT DIE KANTOOR____

**Afwesighede**

Neem asb. kennis dat ons leerderafwesigheid soggens tydens die registerperiode gedoen word. Indien u kind afwesig is, word u versoek om voor 09:00 die skool in kennis te stel van sodanige afwesigheid. Afwesighede moet soggens aanlyn op die Departementele stelsel gedoen word, daar sal geen veranderinge aangebring kan word, indien u kind reeds hier afwesig gemerk is nie.

**Akademie Graad 12**

**September-eksamen:** Slegs die graad 12-klas het die afgelope kwartaal 'n volle eksamen geskryf. Die leerplanne in al die vakke is afgehandel. Die eksamen het gedien as 'n proefeksamen met die oog op die einde van die jaar. Neem in ag dat die leerders getoets is met die volle jaar se werk en dat hierdie ’n goeie aanduiding is van wat om te verwag in die eindeksamen.

BAIE GELUK AAN AL ONS GRAAD 12-LEERDERS WAT HUL DOELWITTE BEREIK HET. ONS IS TROTS OP JULLE! HOU SO VOL, MAAR HARDE WERK LÊ EGTER NOG VOOR VIR DIE EINDEKSAMEN.

Daar word op **Maandag, 13 Oktober 2025 om 17:30,** ‘n baie belangrike Graad 12 Eksamenvergadering en ‘n Motiveringsgeleentheid gehou, met die oog op die eindeksamen. Byvoorbaat baie dankie aan die Ondersteunersklub o.l.v. mev. Lize Rossouw vir die heerlike ete en groot bederf wat beplan word.
Ons wil graag ons matrieks van 2025
’n bietjie motiveer met dié geleentheid.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

Die matrieks se laaste skooldag is **Dinsdag, 14 Oktober 2025**.
Dit is baie belangrik dat die matrieks elke dag tot en met hul laaste skooldag, by die skool moet wees. Op hierdie dag vind daar ook 'n afskeidseremonie plaas. Skrywes hieroor sal aan alle matriekouers/ voogde gestuur word.

**Graad 8 tot 11**

Die graad 8 tot 11-leerders het die afgelope kwartaal 'n toetsreeks geskryf.Die rapportpunte is dus 'n punt wat deur middel van deurlopende evaluering saamgestel is. Dit verteenwoordig al die akademiese aktiwiteite wat voltooi is.
Indien u kind 'n grensgeval is, praat asb. ernstig met hom/ haar om alles in te sit vir die laaste kwartaal en die finale eksamen. Maak gerus met die betrokke klasonderwyser of graadhoof kontak vir hulp en ondersteuning.

**Matriekafskeid**

Ons jaarlikse matriekafskeid het **Donderdag, 2 Oktober**, plaasgevind in die skoolsaal onder leiding van mev. Van Heerden en haar bekwame span. Dit was 'n glansgeleentheid en beslis ons matrieks se hoogtepunt van die jaar. 'n Groot dankie aan juffrou Ina en haar komitee wat só hard gewerk het om hierdie aand vir al ons matrieks spesiaal te maak. Dit was 'n aand uit die boeke!

**Prysuitdeling**

Ons jaarlikse prysuitdeling vind hierdie jaar effens vroeër plaas om ons matrieks te akkommodeer voor hul finale eindeksamen begin. Die prysuitdeling is geskeduleer vir **Dinsdag, 14 Oktober 2025, om 19:00**.
Betrokke leerders sal betyds in kennis gestel word en moet asb. netjies in volle wintersdrag die glansgeleentheid bywoon.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Begroting 2026**

Hiermee word kennis gegee van 'n belangrike eerste vergadering op Maandag, 27 Oktober 2025, om 18:00 in die skoolsaal,waar die begroting ten opsigte van skool- en koshuisgelde vir 2026 aan die ouers/ voogde vir goedkeuring voorgelê gaan word. 'n Spesiale kennisgewing-omsendskrywe wat die agenda insluit word uitgestuur. 'n Kworum van 10% ouer/ voogteenwoordigheid word benodig vir dié vergadering.

Indien die vereiste 10% kworum nie bereik word met ons eerste begrotingsvergadering nie, gee ons met die eerste skrywe ook kennis van die tweede begrotingsvergadering van die Hoërskool Montagu wat sal plaasvind op Maandag, 10 November 2025 om 18:00 in die skoolsaal. Geen kworum word vir die tweede vergadering benodig nie en 'n amptelike opvolgskrywe sal weer op 27 Oktober 2025 aan u uitgestuur word om te bevestig, indien nodig.

'n Oorsig verduideliking van die konsepbegroting sal ingesluit word by die eerste kennisgewing. Die volledige konsepbegroting vir 2026 en die geouditeerde finansiële jaarstate van 2024 sal vir twee weke (14 dae) voor die eerste begrotingsvergadering ter insae beskikbaar wees by die finansiële kantoor (mev. Lewis) vanaf 13 tot 24 Oktober 2025 tydens skoolure.

Enige vrae oor die begroting moet voor die vergadering aan die skoolhoof, tesourier of finansiële beampte gerig word.

Die nuwe skoolfonds sal vasgestel word deur 'n meerderheidstem van ouers/ voogde wat die vergadering bywoon. Hierdie besluit sal bindend wees op alle ouers.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Finansies**

Alle uitstaande skoolfonds- en koshuisrekeninge, waarvoor reeds aanmanings uitgestuur is, sal vroeg volgende kwartaal vir invordering oorhandig word. Dit het ekstra kostes tot gevolg en sal veroorsaak dat sulke skuldenaars geswartlys sal word. Vermy sodanige aksie deur onmiddellik, waar van toepassing, bindende reëlings met die finansiële kantoor te tref.

**HSMO**

Die HSMO het in die 3de Kwartaal 'n besondere besige tyd gehad. Ons het 'n hele paar tuiswedstryde gehad waar ons snoepie lekker aan die gang was en dan natuurlik ook met ons sewes naweek. 'n Groot dankie aan al die HSMO -lede wat kom help het. Ons ondersteuners werk almal lekker saam en indien u nog nie lid is van die HSMO, sluit gerus aan. Hoe meer hande, hoe ligter is die werk!

**Skooldrag**

Vanaf die eerste week in volgende kwartaal moet leerders volle somersdrag dra. Alle leerders wat die prysuitdeling op 14 Oktober 2025 bywoon, moet egter in volle wintersdrag geklee wees.

**Skooltye**

Die skool begin **Maandag, 13 Oktober om 08:00** en verdaag om 14:00.
Vanaf Dinsdag, 14 Oktober volg ons normale somerstye:

| | |
|---|---|
| Maandae, Woensdae en Vrydae | 07:15 – 14:00 |
| Dinsdae en Donderdae | 07:15 – 13:15 |
| | Aktiwiteitsperiode: 13:15 - 14:45 |

Ons wens al ons leerders 'n geseënde skoolvakansie toe. Die van u wat weggaan, veilig reis en geniet die ruskansie!



Montie-groete
**Mnr. Johan Benadie**
*Skoolhoof*

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 8

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Adri | Bothma |
| Johenlin | Buchner |
| Jocelyn | Conradie |
| Liyabona | Danile |
| Haydenique | Du Toit |
| Willow | Esau |
| Emma | Hahndiek |
| Tamar | Hendricks |
| Pearl | Jaftha |
| Onoluhle | Jantjies |
| Mishca | January |
| Sean | Little |
| Layla | Lodewyk |
| Rojean | Marais |
| Marqueth-Lee | Marthinus |
| Sonwabo | Mgada |
| Joy-Line | Nel |
| Owentando | Ngabaza |
| Shjar-Moné | Swanepoel |
| Christian | Voges |

# ___TOP 20___

## GRAAD 9

Name is in alfabetiese volgorde

| | |
|---|---|
| Lodewyk | Beukes |
| Hailey | Booysen |
| Ariane | Brinkhuys |
| Meone | Bure |
| Johnique | Carolissen |
| Ruan | Cloete |
| Corlea | De Koker |
| Carla | Dettbarn |
| Denisia | Domingos |
| Ridduwan | Herdien |
| Aneischa | Jakobs |
| Lienka | Joubert |
| Kayla | Kotze |
| Lee | Kotze |
| Ané | Nomdo |
| Aneisha | Philander |
| Amorey | Potgieter |
| Zack | Roos |
| Wilmare | Swanepoel |
| Hannli | Volschenk |

# ___TOP 20___

## GRAAD 10

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Anzelle | Albanie |
| Erin | Banda |
| Jason | Bezuidenhout |
| Anel | De Bruyn |
| Tyricha | De Wee |
| Mia | Ellis |
| Gersh-Lynn | Fisher |
| Isabelle | Hahndiek |
| Quinzil | Jansen |
| Jaime | Johnson |
| Stella | Meyer |
| DJ | Minnaar |
| Henko | Nel |
| Miné | Olivier |
| Fannwin | Plaatjies |
| Inge | Sceepers |
| Revean | Segelaar |
| Courtney | Toorn |
| Lizca | van Aarde |
| Adriana | Visagie |

# ___TOP 20___

## GRAAD 11

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Ezrin | Conradie |
| Mia | Dettbarn |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Thamson | Jansen |
| Zaywon | Kana |
| Caitlin | Koker |
| Janae | le Roux |
| Nina | Malherbe |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Emma | Olivier |
| Mieke | Olivier |
| Danika | Schoeman |
| Tashley | Skippers |
| Tasneem | Steyn |
| Jadelyn | van Wyk |
| Dirk | von Wielligh |
| Anja | Wolfaardt |

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za

# ___TOP 20___

## GRAAD 12

NAME IS IN ALFABETIESE VOLGORDE

| | |
|---|---|
| Nimra | Ahmed |
| Joney | Booysen |
| Arno | Datson |
| Jamelia | Du Toit |
| Suné | Geldenhuys |
| Linathi | Gxagxa |
| Jomar | Hanekom |
| John | Hattingh |
| Tasneem | Jansen |
| Cameron | Jansen |
| Lieschen | Joka |
| Halle | Joseph |
| Richard | Knipe |
| Siyambonga | Lirafu |
| Kezia | Malgas |
| Sias | Meyer |
| Hermien | Potgieter |
| Amy-Leigh | Shirley |
| Mikayla | Theron |
| Almay | Wolmarans |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 4

OKTOBER

| | |
|---|---|
| 13 Maandag | **08:00 Skool heropen**<br>Somersdrag<br>Gr.12 Motiveringsaand |
| 14 Dinsdag | **Matrieks laaste dag en saal Prysuitdeling 19:00** |
| 15 Woensdag | SBL Vergadering 17:30 |
| 16 Donderdag | BK Sivviedag |
| 17 Vrydag | |
| 18 Saterdag | |
| 20 Maandag | **Graad 12 NSS Eksamen begin**<br>Gebedsaand Ouers 18:30 |
| 21 Dinsdag | Gr.12 RTT Prakties |
| 22 Woensdag | Gr.9 Sistemiese toetse<br>Rade Geesvangmiddag |
| 23 Donderdag | Netheidsinspeksie |
| 24 Vrydag | |
| 25 Saterdag | Dames Tennis HSM (Langeberg Akademie: D Büre) |
| 27 Maandag | Begrotingsvergadering Ouers 18:00 |
| 28 Dinsdag | |
| 29 Woensdag | Rade uitreik |
| 30 Donderdag | |
| 31 Vrydag | Snr VRL Sivviedag |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 4

NOVEMBER

| | |
|---|---|
| 1 Saterdag | Atletiek kliniek - Bredasdorp |
| 3 Maandag | |
| 4 Dinsdag | Kleureatletiek inskrywings 2026 |
| 5 Woensdag | |
| 6 Donderdag | |
| 7 Vrydag | **Gr.10-11 Praktiese eksamen begin** |
| 8 Saterdag | |
| 10 Maandag | Begrotingsvergadering 18:00 |
| 11 Dinsdag | **Graad 9 Eksamen begin**<br>Eksamen tye 08:00 - 13:00 |
| 12 Woensdag | **Graad 10 - 11 Eksamen begin** |
| 13 Donderdag | |
| 14 Vrydag | |
| 15 Saterdag | |
| 17 Maandag | **Graad 8 Eksamen begin** |
| 18 Dinsdag | |
| 19 Woensdag | |
| 20 Donderdag | |
| 21 Vrydag | |
| 22 Saterdag | |
| 24 Maandag | |
| 25 Dinsdag | |
| 26 Woensdag | |
| 27 Donderdag | **NSS Eksamen eindig** |
| 28 Vrydag | **Graad 8 - 11 Eksamen eindig** |
| 29 Saterdag | |

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 4

DES

| | |
|---|---|
| 1 Maandag | |
| 2 Dinsdag | |
| 3 Woensdag | |
| 4 Donderdag | Gr.8's 2026 Oriëntering |
| 5 Vrydag | |
| 6 Saterdag | |
| 8 Maandag | |
| 9 Dinsdag | |
| 10 Woensdag | **Skool Sluit - Leerders**<br>Rapporte uitdeel 09:00 |
| 11 Donderdag | |
| 12 Vrydag | **Skool Sluit - Personeel** |

H.S. MONTAGU
NISI DOMINUS FRUSTRA

# Geniet die vakansie en kom veilig terug!

H.S. MONTAGU

NISI - DOMINUS - FRUSTRA

## MONTIE GROETE

023 614 1390 www.hsmontagu.co.za mhsadmin@barvallei.co.za